HOËRSKOOL CENTURION

SELBOURNELAAN, LYTTELTON, CENTURION. GPS: GPS: S 25: 49' 48.3" / E 28: 11' 57.0"
TEL: (012) 664 5803 FAKS: (012) 664 7969 INFO@HSCENTURION.CO.ZA WWW.HSCENTURION.CO.ZA

2 November 2018

Geagte Ouers

Hoërskool Centurion het onlangs uitgereik na ons ouers en hulle uitgenooi na 'n bespreking wat op 30 Oktober plaasgevind het rondom die toerusting van 'n nuwe Verbruikerstudielokaal asook die opgradering van ons dogterskleedkamers.

Die teenwoordigheid en entoesiasme van ons ouers gedurende die vergadering het ons baie opgewonde gemaak en ons wil graag die res van ons ouers en die groter gemeenskap uitnooi om ook saam met ons hande te vat en by te dra tot ons kinders se opvoeding.

Ons deel graag meer inligting rondom die twee projekte en die vereistes wat gestel word om die projekte te laat realiseer.

Projek 1: Toerusting van die Verbruikerstudielokaal
Sperdatum: 9 Januarie 2019
Behoeftelys:

- "Vinyl"-vloerteëls en gom (25m^2)
- 20 liter dakverf, 20 liter muurverf en 20 liter "varnish"
- Houtkabinette en -rakke word oorgebring, dus baie afskuur- en herverfwerk
- 7x "mixer"- krane
- 7x "inverter geysers"
- "Plumbing fittings"

Projek 2: Opgradering van die dogterskleedkamers
Sperdatum: 9 Januarie 2019
Behoeftelys:

- 2 x nuwe "master cutt-off valve"
- 1 x NC4 staalvenster, glas en "putty" (1.5m2) + vensterbankteëls
- 6 x NC5F
- 8 x toilette en 8x stopkrane
- 9 x "sit-on" wasbakke
- 7 x "mixer"-krane en 14 stopkrane
- 3 x stort glasdeure
- 3 x stortkoppe en -krane
- "Plumbing fittings"
- 8 x handdoekrelings
- 5 x "Inverter geysers"
- 4 x "bulkhead" oorhoofs en 46 x "downlights" (LED 220V)
- 10 x deure en handvatsels / slotte
- 9 x staal deurrame
- 2 x veiligheidstralies
- 6 x spieëls (1.9x1, 1.9x1, 2.6x1, 2.6x1, 2.5x1, 1.5x1
- 3 x ligskakelaars, nuwe plafon en kroonlyste
- Teëls, "glue" en "grouting" (110m^2 vloer en muur)
- 4 x "stainless steel dustbins"
- Bankies (1x4m, 6x2.3m), (3x1m totaal in hout, stort)
- Bakstene, sand en sement (bou en pleister)
- Houtrakke in stoor
- 20 liter dakverf en 40 liter muurverf

Indien u voel u wil betrokke by die projekte raak, kan u dit gerus doen op een van die volgende maniere:

1. **Finansieel:** U kan ‘n finansiële bydrae maak van u keuse en dit by ons finansieskantoor inbetaal. Indien u elektronies wil betaal, is die skool se bankbesonderhede soos volg:

   STANDARD BANK
   Takkode: 012645
   Tjekrekeningnommer: 012357499
   Verwysing: 0994/000

   Sodanige bewys van betaling moet na die skool gefaks word na 012-664 7969 of per e-pos gestuur word aan ansie@hscenturion.co.za

2. **Borge:** Indien u dalk ’n goeie verhouding met maatskappye en diensverskaffers het wat ons goedgesind kan wees, kontak gerus ons bemarker, me. K. Roux by bemarking@hscenturion.co.za.

3. **Dienste en vaardighede**: Sou u oor die volgende dienste of vaardighede beskik en u wil graag meer uitvind oor die projekte en hoe u betrokke kan raak, kontak gerus vir mnr. D. Barnard by 012 664 5803 of david@hscenturion.co.za

   Ons benodig:
   - Elektrisiëns
   - Loodgieters
   - Skrynwerkers
   - Boukontrakteurs
   - Bourekenaars
   - Ingenieurs

4. **U tyd**: Daar is tans ’n groot behoefte aan mense wat bereid is om hul tyd op te offer om fisies saam met ons by die projek betrokke te raak. Indien u u tyd aan ons beskikbaar kan stel vir take waar daar ’n behoefte is, kan u gerus vir mnr. D. Barnard kontak by 012 664 5803 of david@hscenturion.co.za

Indien u enige verdere navrae het rakende hierdie projekte, is u welkom om vir mnr. David Barnard, ons adjunkhoof: Terrein en Geboue, te kontak by 012 664 5803 of david@hscenturion.co.za

Ons wil u as ouers by voorbaat dank vir die bereidwilligheid om ons te help om die projekte van die grond af te kry en met groot sukses aan te pak. Ons maak staat op ons Woerie-familie en weet as ons saamstaan, gaan ons ‘n beter toekoms vir ons kinders skep.

U sal vroeg in 2019 in kennis gestel word rakende ons vyfjaarplan wat spesifiek oor die ontwikkeling van ons skool se fasiliteite handel.

“It takes a village to raise a child” - African Proverb

Woerie-groete.



H.J. KOEKEMOER
HOOF